RAADSBELEID

ONDERWERP : ADMINISTRATIEWE GEREGTIGHEID : VERSKAFFING VAN REDES TOT BESLUITE VAN DIE RAAD

VERWYSING : 3.1.3.2.1

BESLUIT NR : 20.3/08/2003 DATUM : 25 AUGUSTUS 2003

BELEIDSOOGMERK : Om te voldoen aan die bepalings van die Wet op Administratiewe Geregtigheid, 2000. (Wet 3 van 2000.)

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om ‘n kultuur van verantwoordbaarheid, openlikheid en deursigtigheid te skep.

RIGLYNE

Die Raad se Handleiding tot Toegang tot Inligting asook die bepalings van die Grondwet en die Wet op Administratiewe Geregtigheid, dien as Riglyn vir die beleid van die Raad.

PROSEDURE

1. Alle items wat aan die Raad voorgelê word, moet skriftelik wees en moet ‘n volledige uiteensetting van die tersaaklike voor- en nadele bevat en moet die redes ter ondersteuning van ‘n aanbeveling aan die Raad bevat.

2. Indien voorleggings aan die Raad vir besluitneming voorgelê word, moet daar tydens notulering die nodige redes vir die besluit verkry en geboekstaaf word.

3. Redes vir bepaalde besluit moet skriftelik aan die betrokkenes oorgedra word.

ROLLE

Munisipale Bestuurder.
Direkteure.
Administratiewe Beampte (Komitees).

VERWANTE BELEID

1. Grondwet (Wet 108 van 1996).
2. Wet op Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000).
3. Handleiding tot toegang tot inligting.